

31 Augustus 2021

Geagte Ouer / Voog van 'n Wiskunde uitblyker

AdMaths (Edms.) Bpk. is 'n IEB-goedgekeurde diensverskaffer in AP Maths (Advanced Programme Mathematics). AP Maths is 'n IEB ekstra *vak* en nie 'n ekstra *klas* in skoolwiskunde nie. Die oogmerk van die vak is om 'n leerder, wat reeds sterk is in Wiskunde of 'n groot belangstelling daarin het, addisioneel tot die skoolsyllabus te stimuleer en te verryk. AP Maths daag jou uit om wiskundige begrippe en teorie vroeër as die aangewese tyd te leer.

Waarom beveel universiteite “addisionele wiskunde” aan?

Wiskunde Hoër Graad is in 2007 vir die laaste keer geëksamineer. Baie studente getuig dat CAPS Wiskunde hulle nie voldoende voorberei het vir eerstejaarswiskunde op universiteit nie. Alhoewel hulle 80% gekry het op skool, sukkel hulle om aan te pas op universiteit, veral in die eerste ses maande. Verryking addisioneel tot die staatskurrikulum is hoogs aanbevole vir rigtings soos Ingenieurswese, B.Sc., B.Comm. en Aktuariële Wetenskap. Die IEB se AP Maths dien as ideale oorbrugging tussen matriek en universiteit. Eerstejaars is verlore as hulle nie reeds blootstelling op skool aan onderwerpe soos Absolute Waardes en meer gevorderde Limiete gehad het nie.

Is daar in-die-persoon kontakssessies?

Vir inligting oor u naaste sentrum besoek www.admaths.co.za -> CLASS ACCESS CENTRES. Die kontakssessies (*Goud* pakket) vind een keer per week in kwartaaltyd plaas en duur 1½ uur. Op die *Silwer* pakket woon leerders die weeklikse, regstreekse webinaar by. Op die *Brons* pakket het leerders net toegang tot die algemene studiemateriaal, wat voorafopgeneemde video's insluit.

Studiemateriaal en assessering

AdMaths se AP Maths studiemateriaal is al sedert 2005 in ontwikkeling en word wyd gereken as die beste van sy soort in Suid-Afrika. Dit word elektronies beskikbaar gemaak op die leerder se profiel en die handboekweergawe kan deur maandeliks-betalende kliënte aangeskaf word by www.admathsretail.co.za. Leerders skryf in die eerste en derde kwartaal 'n toets en in die tweede en vierde kwartaal 'n eksamen by die naaste eksamensentrum op 'n vooraf-vasgestelde dag. U mag aansoek doen vir 'n tuiseksamen. Informele assessering (“tutoriale”) word ook ingedien.

IEB AP Maths-sertifikaat vs Cambridge “A-levels”

Belangstellende Graad 12s word deur ons geregistreer vir die IEB se AP Maths finale eksamen, wat in Oktober plaasvind voor die aanvang van die Senior Sertifikaat-eksamen. Die koste in 2022 is R1200. Baie Suid-Afrikaanse universiteite se voubiljette maak vermelding van “addisionele wiskunde” as hoogs aanbevole vir wiskundige studierigtings. 'n AP Maths-sertifikaat verbeter die kans vir universiteitstoelating aangesien dit baie sê van 'n voornemende student se onafhanklikheid, selforganisasie en probleemoplossingsvaardighede. AP Maths is deur NARIC UK gemaatstaf (“benchmark”) en word beskou as vergelykbaar met Cambridge Wiskunde “A-levels”. AP Maths word daarom erken deur oorsese universiteite.

AdMaths het ook sy eie Graad 12 eindeksamen, die AdMaths Interne Eindeksamen (AIE), wat deur sekere skole gehuisves word. Om voorbereid te wees vir hierdie eksamen moet 'n leerder 'n paar nie-AP Maths onderwerpe (soos Binomiaalstelling, Boogsin en De Moivre) byleer. Die koste in 2022 is R370 en ons reik ons eie sertifikaat uit.

Meng AP Maths in met skoolwiskunde?

AP Maths help leerders geweldig baie met hul skoolwiskunde. Dit maak hulle skerper en laat hulle vinniger snap. Dit dra dus by tot verbeterde prestasie in Wiskunde. AP Maths plaas skoolwiskunde in perspektief en verbreed horisonne. Dit bied ook meer stimulasie aan 'n leerder wat verveeld is met skoolwiskunde. AP Maths is 'n verlenging van CAPS Wiskunde en dus nommerpas vir Suid-Afrika. Die onderwerpe is Algebra, Calculus, Statistiek, Finansiële Wiskunde, Modelling, Matrikse en Grafiekteorie. 'n Leerder wat beweer dat AP Maths hom/haar verwar, is moontlik in die eerste plek nie 'n geskikte kandidaat vir AP Maths nie.

Wanneer begin die Graad 9-11 2022 program?

Dit begin in die week van 17-21 Januarie 2022.

Hoe en teen wanneer moet u registreer?

Skryf in by www.admaths.co.za -> *APPLY* en betaal die **R465 registrasiefooi** teen die laatste **Vrydag 29 Oktober 2021**. Die betalingsbesonderhede word aan u ge-e-pos.

Pakkette en foie

Vind ingesluit 'n blad wat uitbrei oor die *Diamant*, *Goud*, *Silwer* en *Brons* pakkette met hul onderskeie maandelikse paaiemente. Graad 11s sonder agtergrond betaal ekstra vir Graad 10.

Die jaarfooi op (bv.) die *Goud*-pakket (in-persoon klastoegang; harde handboekkopieë uitgesluit) is R6000, wat die som is van 12 betalings van R500 elk van 1 Januarie tot 1 Desember.

Teken u 'n kontrak met AdMaths?

Ja, u sal 'n e-pos ontvang van esign@admaths.co.za. Die kontrak mag beëindig word deur 'n maand se skriftelike kennis te gee by system@admaths.co.za. U mag migreer tussen pakkette. (*Goud*) Let wel dat vir 'n klas om te bestaan, moes 'n sekere aantal leerders ingeskryf het.

Wat gebeur aan die einde van 'n jaar?

Daar is 'n R150 administratiewe fooi betaalbaar om die kontrak met nog 'n jaar te verleng.

(Slegs Graad 10s van 2022) AP Physics

Ons faseer die skryf van die AP Physics-eksamen in vanaf die 2024 matriekjaar. Onderwerpe sluit in die toepassing van Calculus en Vektore in Meganika, Elektriese Bane en Velde, Magnetisme en Elektromeganika. Die Graad 10 kursus begin in die derde kwartaal van 2022. Dit word aanlyn aangebied (slegs in Engels) deur middel van 14 regstreekse 1-uur webinarre. Assessering sal bestaan uit twee tutoriale, 'n formele toets, 'n eksamen en aanlyntoetse.

Die IEB se gevorderde programme is intellektuele beleggings waarvan die voordele baie wyer strek as bloot die inhoud wat 'n voorsprong op universiteit bied.

Vir meer inligting raadpleeg www.admaths.co.za of e-pos system@admaths.co.za.

Vriendelike groete

Jean Nico de Villiers
Hoof

2022 Graad 8 - 12

PAKKETTE

Bepalings en voorwaardes geld. Die Jaarfool word opgedeel in maandelikse palemente.



DIAMANT PAKKET

Vir die besige kliënt wat nie tyd
aan admin wil afstaan nie

R715 pm per student

- ✓ AdMaths bestel en koerier die handboek elke kwartaal teen geen ekstra koste
- ✓ Weeklikse klas- en/of webinaartoegang
- ✓ 1x AdMaths rugsak
- ✓ Toegang tot PDF's
- ✓ Toegang tot vooraf-opgeneemde video's



GOUD PAKKET

R500 pm per student

- ✓ Klastoegang
- ✓ Toegang tot PDF's
- ✓ Toegang tot vooraf-opgeneemde video's



SILWER PAKKET

R391 pm per student

- ✓ Webinare alleenlik
- ✓ Toegang tot PDF's
- ✓ Toegang tot vooraf-opgeneemde video's



BRONS PAKKET

R329 pm per student

- ✓ Geen geskeduleerde kontaktyd met 'n aanbieder
- ✓ Toegang tot PDF's
- ✓ Toegang tot vooraf-opgeneemde video's

Tel: 021 981 0595
E-pos: system@admaths.co.za
www.admaths.co.za



adMaths
Have the edge at university



2022
Grade 10

ADPHYSICS PACKAGES

6 Month course | Starting Term 3

MOMENTUM

R391 pm per student

English webinars only

FORCE

R329 pm per student

Online Only

*Terms & conditions apply. The course fee is divided into monthly instalments.

Tel: 021 981 0595 | E-pos: system@admaths.co.za
www.admaths.co.za

adPhysics^{GR10}
Have the edge at university